

LAERSKOOL GOEDEHOOP



Dissiplinêre Beleid

Dissiplinêre Beleid

1. Inleiding

Hierdie dokument is die gedragkode van Laerskool Goedehoop, soos die beheerliggaam dit op 30 November 2010 goedgekeur het. Die beheerliggaam het die ouers, leerlinge en opvoeders van die skool oor die inhoud van die gedragkode geraadpleeg. Die gedragkode is opgestel in ooreenstemming met die toepaslike bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 ('die Skolewet'); die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996; Riglyne vir Gedragkode vir Leerlinge (Algemene Kennisgewing 776 in Staatskoerant 18900 van 15 Mei 1998); die Regulasies met betrekking tot Apparate vir Dwelmtoetsing en die Prosedure wat gevolg moet word (GK 1140 in Staatskoerant 31417 van 19 September 2008); Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole (GK 1040 in Staatskoerant 22754 van Oktober 2001, soos gewysig) en toepaslike provinsiale wetgewing.

2. Doel

Hoewel die Staat verplig bly om opvoeding beskikbaar en toeganklik te maak, moet dít aangevul word met die toewyding en verbintenis van verantwoordelike rolspelers, naamlik opvoeders, leerlinge en ouers. Hierdie gedragkode is bedoel om sodanige toewyding en verbintenis te bevorder.

Die doel van hierdie gedragkode is om 'n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing te vestig wat toegewy is aan die bevordering en handhawing van die gehalte van die leerproses.

Die gedragkode onderskryf die skool se missiestelling.

Leerlinge en hul ouers/voogde moet hulself van die skool se gedragkode en die bepalings daarvan vergewis. Sodra leerlinge by die skool ingeskryf is, is hulle onderworpe aan die gedragkode, en moet hulle dit stiptelik nakom. Indien leerlinge die gedragkode oortree of minag, sal daar ooreenkomstig die dissiplinêre prosedure vir leerlinge teen hulle opgetree word.

3. Gedragkode

Sien Kategorie A, B, C en D in huiswerkboek.

Algemene reëls

- 3.1 Leerlinge sal hulle te alle tye as goeie ambassadeurs van die skool en ooreenkomstig die etiekkode van die skool gedra.
- 3.2 Terwyl leerlinge in die skool se drag of enige gedeelte daarvan geklee is wat voldoende is om hulle in die oë van die publiek met die skool te verbind, of terwyl leerlinge die skool verteenwoordig, hetsy direk of indirek, hetsy as deelnemers, ondersteuners, helpers, toeskouers of andersins, sal hulle hulself van enige gedrag weerhou wat die skool, personeel of hul medeleerlinge in 'n slegte lig kan stel.
- 3.3 In hul wisselwerking met die skoolhoof, adjunkhoof, opvoeders en ander skoolpersoneel, moet leerlinge te alle tye die nodige hoflikheid en respek betoon.
- 3.4 'n Opvoeder van die skool sal oor dieselfde regte as 'n ouer beskik wat betref die beheer en dissipline van die leerder volgens die gedragskode, sowel gedurende die leerder se skoolbywoning as gedurende enige skoolaktiwiteit.
- 3.5 Selfoongebruik gedurende skoolaktiwiteite is streng verbode. Oproepe mag slegs in nood gevalle en met die toestemming van personeel gemaak word.

4. Klasreëls

- 4.1 Die klasopvoeder moet, saam met leerlinge, klasreëls opstel wanneer hierdie gedragskode aanvaar word.
- 4.2 Die klasreëls moet skriftelik opgestel word en –
 - 4.2.1 by die skoolbestuur ingedien word;
 - 4.2.2 in duidelik leesbare skrif op 'n prominente plek in die klaskamer aangebring; en
 - 4.2.3 aan alle leerlinge en hul ouers beskikbaar gestel word.
- 4.3 Enige oortreding van die klasreëls sal as 'n oortreding van hierdie gedragskode en skoolreëls beskou word.

5. Reëls met betrekking tot voorkoms en skooldrag

Sien skooldragbeleid in huiswerkboek en op L/S Goede hoop webwerf.

6. Sport- en buitekurrikulêre aktiwiteite

Sien gedragskode op L/S Goede hoop webwerf.

7. Skooleiendom

7.1 'Skooleiendom' sluit die volgende in:

7.1.1 Die grond en geboue wat deur die skool beset word sowel as enige permanente aanhegting aan sodanige grond en geboue

7.1.2 Alle ander eiendom, wat toerusting, boeke, voorraad, motorvoertuie en dies meer insluit, wat die skool besit, huur of berg, of vir die beskadiging of verlies waarvan die skool wetlik aanspreeklik gehou kan word

7.2 Aangesien die skool ontwikkel en opgerig is vir gebruik deur alle leerlinge wat skoolgaan, is alle leerlinge verplig om alles in hul vermoë te doen om die skool se eiendom te bewaar, sodat dit tot voordeel van alle huidige en toekomstige leerlinge van die skool gebruik kan word.

8. Die Leierraad en skoolleiers

8.1 Die leiers is saam met die personeel van die skool verantwoordelik vir algemene skoordisipliene.

8.2 Alle leerlinge moet enige redelike voorskrif van 'n lid van die leiers gehoorsaam, en moet die leiers ondersteun en samewerking verleen in die behoorlike uitvoering van hul pligte.

9. Skoolkennisgewings

9.1 Alle leerlinge is verplig om alle kennisgewings wat die beheerliggaam, skoolhoof of 'n opvoeder van die skool vir dié doel aan leerlinge uitreik, aan hul ouers te oorhandig, en om enige ontvangserkenning wat die ouers moet voltooi, stiptelik aan die klasopvoeder te voorsien.

10. Skoolwerk en huiswerk

10.1 Alle leerlinge sal 'n huiswerkboek ingevolge die skoolhoof of klasopvoeder se voorskrifte hou en bywerk.

10.2 Alle leerlinge moet hul voorgeskrewe skoolwerk met ywer, pligsgetrouheid en toewyding doen om sodoende 'n deurlopende werksetiek te ontwikkel. Versuim om aan hierdie reël te voldoen, sonder 'n aanvaarbare verskoning, sal as 'n oortreding van hierdie reël beskou word.

10.3 Leerlinge is verplig om enige werk wat hulle misgeloop het, so spoedig moontlik in te haal.

- 10.4 Indien 'n leerling nie sy / haar skriftelike huiswerk verstaan nie, moet die ouer 'n opmerking in sy / haar skrif skryf om nie 'n waarskuwing te ontvang nie.

11. Toetse en eksamens

- 11.1 Alle leerlinge is verplig om hulle aan die toetse en eksamens wat deur die opvoeders aan hulle opgedra word, te onderwerp.
- 11.2 Leerlinge moet hulle met die afneem van toetse of eksamens van enige vorm van oneerlikheid weerhou.

12. Stiptelikheid

- 12.1 Leerlinge moet op die bestemde tyd aan die begin van die skooldag en met die aanvang van enige ander skoolaktiwiteit opdaag.

13. Afwesigheid van skool

- 13.1 Leerlinge mag slegs in uitsonderlike gevalle afwesig wees van die skool
- 13.2 Afwesigheid van die skool sonder 'n aanvaarbare verskoning word as stokkiesdraaiery beskou.
- 13.3 Indien moontlik, moet leerlinge 'n doktersbrief inhandig met afwesighede.
- 13.4 Leerlinge wat afwesig is a.g.v. 'n skoolaktiwiteit, sal nie afwesig gemerk word nie.

14. Omgewing

- 14.1 Leerlinge het die reg op 'n veilige omgewing en skool wat bevorderlik is vir opvoeding.
- 14.2 Leerlinge mag nie die skoolgronde of -geboue bemors nie.
- 14.3 Leerlinge wat toeskouers of ondersteuners by enige skoolaktiwiteit is, moet die terrein wat hulle beset netjies en skoon agterlaat, en moet seker maak dat alle rommel opgeruim en in vullishouers geplaas word.
- 14.4 Leerlinge moet toilette skoon agterlaat.
- 14.5 Enige optrede of versuim deur leerlinge wat 'n gevaar van welke aard ookal vir ander leerlinge veroorsaak of moontlik kan veroorsaak, moet vermy word.
- 14.6 Leerlinge moet gehoor gee aan die redelike opdragte van die skoolhoof, enige opvoeder, lid van die leerraad met betrekking tot die handhawing van 'n skoon en higiëniese skoolomgewing.

15. Aanhangsel:

Sien Aanhangsel oor Kategorieë vir oortredings agter in huiswerkboek.

Enige kategorie-oortreding mag opskuif na gelang van die aard van daardie.

(Die saak word eers ondersoek.)

DATUM GOEDGEKEUR: Januarie 2021



VOORSITTER – BEHEERLIGGAAM



PRINSIPAAL

AANHANGSEL:

KINDGERIG Doel is om ouers in te lig:

Ons maak gebruik van 'n groen- en rooikaart, sowel as inskrywings in die dagboek.

Groenkaart: Indien leerlinge goeie gedrag handhaaf ontvang hy / sy 'n groenkaart.

Rooikaart: Direkte detensie vir Kat. C-oortredings of herhalende Kat. A- en B-oortredings.

<p>KATEGORIE A</p> <p>3 skriftelike waarskuwings ↓ Die 4de skriftelike waarskuwing word 'n Kategorie B- inskrywing</p> <p>KATEGORIE A-WAARSKUWINGS Verval 30 Junie en 31 Desember van akademiese jaar</p>	<p>KATEGORIE B</p> <p>6 x inskrywings ↓ DETENSIEKLAS ↓ 6 x inskrywings ↓ DETENSIEKLAS ↓ 3 x inskrywings ↓ GESPREK MET OUERS 3x inskrywings ↓ DETENSIEKLAS ↓ Oordeel van Goedehoop Dissiplinêre Komitee watter straf toegedien sal word ↓ Oordeel van Beheerliggaam Dissiplinêre Komitee (Moontlike week skorsing)</p> <p>KATEGORIE B-INSKRYWINGS Verval 30 Junie en 31 Desember van akademiese jaar</p>
---	---

<p>KATEGORIE C</p> <p>1 x oortreding ↓ DETENSIEKLAS ↓ 1 x oortreding ↓ DETENSIEKLAS ↓ 3 x ROOI BRIEWE ↓ Dissiplinêre komitee, gesprek met betrokke personeel, leerling, ouers en Beheerliggaam. ↓ Moontlike week skorsing, na aanleiding van gesprek met betrokkenes. Indien week skorsing word alle punte verbeur Dissiplinêre komitee ondersoek eers alle moontlikhede om straf toe te dien.</p> <p>KATEGORIE C INSKRYWINGS Verval aan die einde van die akademiese jaar</p>	<p>KATEGORIE D</p> <p>1 x oortreding ↓ Optrede waartydens ander se lewens in gevaar gestel word ↓ Dissiplinêre Komitee gesprek met betrokke personeel, leerling en ouers. ↓ 1 week skorsing</p> <p>Die skoolbestuur is by magte om kinders se voorregte te ontnem nadat die spesifieke saak eers deur die Dissiplinêre Komitee ondersoek is. Die betrokke kinders, sal vir 'n bepaalde tyd gedurende voor skool en pouses by 'n spesifieke plek deurbring.</p>
---	---

AANHANGSEL:

Kategorie A (Skriftelike waarskuwings)

Skolastiese oortredings

1. Huiswerk nie gedoen nie
2. Skryfbehoeftes tuis – gereelde oortreding.
3. Besig met ander dinge as skoolwerk.
4. Laat toets / waarskuwings / kontrolelys nie teken.
5. Skrif nie ingehandig nie.
6. Boeke nie oorgetrek nie (na afsnytydperk).
7. Kom laat by klaslokale aan.
8. In saal sonder toestemming (kan lei tot Kategorie B).
9. Skeurstrokies ontbreek / nie ingehandig.
10. Besig met ander dinge tydens lesaanbieding
11. Onvoorbereid vir mondelinge werk - verloor 10% van moontlike punt.
12. Ongemanierde optrede in saal, klasse of stoepe.
13. Loop rond in die klas sonder toestemming.
14. Ongedissiplineerd – gesels.
15. Pla maats terwyl hulle werk het.
16. Kou kougom in klas.
17. Let nie op tydens lesaanbieding.
18. Skryf briewe in klastyd.
19. Praat tydens lesaanbieding.
20. Gooi voorwerpe in klas.
21. Skiet blaaspypie (“pea shooter”).
22. Hare / skooldrag nie volgens skoolreëls nie (na waarskuwing).
23. Doen ‘n ander leerarea se werk in klas wat huiswerk was.
24. Bring nie benodigdhede vir klasprojek nie.
25. Bring nie BOP-klere nie.
26. Handboek / Skrif / Leesboek nie by die skool nie.
27. Speel op ander se speelterreine.

Kategorie B: (Inskrywing)

Minder ernstige oortredings

1. Vloek / vuil taal / vingertaal.
2. Uittartende houding teenoor leerlinge.
3. Praat teë met personeel.
4. Versprei skinderstories.
5. Vier skriftelike waarskuwings (Kategorie A)
6. Steek medeleerlinge se eiendom weg.
7. Nie by die korrekte toesigklas nie.
8. Afwesig sonder verskoning tydens ‘n RO-periode
9. Huiswerkboek nie by die skool nie.
10. Skryf op skooltoerusting / ander se eiendom (kan lei tot rooibrief).
11. Intimiderende(fisiese)gedrag teenoor medeleerling/e (Kan lei tot rooi brief)
12. Afknouery(Kan lei tot rooi brief)
13. Spot van medeleerling/e (kan lei tot rooibrief)
14. Ongehoorsaamheid – voer nie opdragte uit nie.
15. Ontwrig klassituasie deur swak optrede.
16. Hande vashou /drukkies uitdeel vir die teenoorgestelde geslag.
17. Kinders doelbewus pootjie / laat val (kan lei tot rooibrief)
18. Verlaat klas sonder toestemming.
19. Loop rond wanneer hy/sy op toesig moet wees.
20. Wegraak van detensiebrief (ontvang weer dieselfde detensiebrief)
21. Uittartende houding teenoor personeel (kan lei tot rooibrief)
22. Laat sportspan sonder amptelike verskoning in die steek (sonder mondelinge of skriftelike reëlings)

Kategorie C: (Rooi brief)

Die graad van oortredings van sekere punte word deur die Dissiplinêre Komitee gekwalifiseer, deur te bepaal of dit 'n Kategorie C- of D-oortreding is.

Ernstige oortredings (wangedrag)

1. Oneerlikheid in toetse / eksamen of oortreding van eksamenreëls.
2. Rook.
3. Verlaat skoolterrein ongemagtig.
4. Stokkiesdraai.
5. Oneerlikheid om 'n onregverdige voordeel by die skool te verkry.
6. Vuisslanery
7. Bring van pornografiese en ander erotiese materiaal.
8. Spoeg op leerlinge.
9. Urineer op speelterrein.
10. Vuil briewe skryf.
11. Skiet met gevaarlike voorwerpe.
12. Oortree verbode terrein en die speel van verbode speletjies.
13. Minagtende optrede teenoor personeel en werkers – disrespek.
14. Beskadiging van motors / skoolieendom
15. Peuter met fietse in fietsloods.
16. Immorele gedrag of godslastering.
17. Haataal en rassisme.
18. Diefstal of die besit van gesteelde eiendom.
19. Vandalisme of die vernietiging van skoolieendom.
20. Vervalsing van dokumentasie/handtekeninge.
21. Wangedrag in toilette.
22. Krap in ander se eiendom.
23. Ruk stoel onder ander leerder uit.
24. Gooi van akkers/klippe/voorwerpe wat skade kan aanrig.
25. Uitskeur of weggooi van skriftelike waarskuwings/inskrywings.
26. Wegraak van huiswerkboek (sonder grondige rede)
27. Byt van medeleerling/e.
28. Beweeg in teenoorgestelde geslag se badkamer in.
29. Die besit van gevaarlike wapen/s of ongemagtigde middels.
30. Gedrag wat die veiligheid van ander in gevaar stel.
31. Ontsiering van eiendom, soos bv. Graffiti
32. Soenery op die terrein.
33. Optrede waar die skool se naam in swak lig gestel word.
34. Spuit van spreikannetjie oor oop vlam.
35. Satanisme.

36. Seksuele wangedrag.(Graad van gedrag word ondersoek)
37. Die gebruik van 'n gevaarlike wapen.
38. Die gebruik, oorhandiging van dwelmmiddels of ongemagtigde middels.
39. Kriminele en onderdrukkende gedrag
40. Kontak ouer vanaf selfoon sonder personeel se toestemming

L.W.

U sal beseftig dat dit onmoontlik is om elke denkbare oortreding te omskryf en daarom dien die bogenoemde punte as voorbeelde van tipe oortredings.

ONTNEMING VAN VOORREGTE

Indien 'n leerling hom/haarself herhaaldelik skuldig maak aan wangedrag tydens skoolure, sal die leerling van sy/haar pouses ontnem word en onder toesig op 'n spesifieke plek vir 'n bepaalde tyd sit. Skoolbestuur sal besluit neem.

Kategorie D:

Uiters ernstige oortredings

Optrede waartydens lewens in gevaar gestel word.

Die Skoolbestuur en Beheerliggaam kan tydelik skors (7 skooldae)

Laerskool Goedehoop

Leerder se naam: _____ Gr.: _____

Datum: _____ Skeidsregter / Opvoeder: _____

Besonderhede van beweerde wangedrag: _____

a. Aard (welke reël is oortree): _____

b. Plek en datum: _____

c. Name van getuies: _____

Leerder se reaksie: _____

Skedsregter se bevinding: _____

Straf voorgestel en leerder se antwoord: _____

Straf toegepas: _____

LEERDERS SE HANDTEKENING

OPVOEDER SE HANDTEKENING

TYD

Ouer se kommentaar: _____

Ouer stem saam met opvoeder se bevinding: JA / NEE

OUER SE HANDTEKENING

DATUM

Laerskool Goedehoop

Leerder se naam: _____ Gr.: _____

Datum: _____

HERSINEING VAN BEBINDINGS / STRAF / VORM A AANGEHEG

Opsomming van prosedure met hersining gevolg: _____

Bevindings: _____

Redes: _____

Datum waarop leerder straf moet ondergaan: _____

Handtekeninge:

PRINSIPAAL

OUERS

LEERDER

DATUM

DATUM

DATUM

Laerskool Goedehoop

Leerder se naam: _____ Gr.: _____

Datum: _____

Mnr en me _____

**WAARSKUWING / KATEGORIE C-OORTREDINGS AAN LEERDER OM OP
TE HOU OM VERDERE WANGEDRAG TE PLEEG**

NEEM KENNIS DAT die leerder (naam) _____ Gr.: _____
skuldig bevind is aan wangedrag of hom / haar herhaaldelik skuldig gemaak het aan Kategorie C-
oortredings, naamlik:

Bogenoemde leerder word hiermee gewaarsku om op te hou om verdere soortgelyke wangedrag te pleeg,
of hom skuldig te maak aan enige ander Kategorie C-oortredings.

NEEM VERDER KENNIS DAT hierdie waarskuwing in terme van die Skool se Gedragskode in die
leerder se dissiplinêre lêer (ED.LAB) geplaas sal word en in ag geneem sal word in die geval van die
instelling van enige dissiplinêre stappe teen die leerder in terme van die gemelde Gedragskode.

Indien die bogenoemde leerder se gedrag dan nog nie verander nie, sal die leerder 'n kennisgewing van 'n
formele verhoor ontvang.

OPVOEDER_____
PRINSIPAAL**SKEURSTROKIE: Waarskuwing**

Ek / Ons erken ontvangs van 'n afskrif hiervan op (datum): _____

LEERDER_____
OUER

Laerskool Goedehoop

Leerder se naam: _____ Gr.: _____

Datum: _____

Mnr en me _____

KENNISGEWING VAN VERHOOR: Oortreding van gedragskode:_____

1. Na die vorige gesprek met die bogenoemde leerder en ouer/s, was die boegenomde leerder weer in stryd met die gedragskode van die skool.
2. Die bogenoemde leerder word hiermee aangesê om 'n formele verhoor by te woon te (plek) _____ op (datum) _____ om (tyd) _____, ten einde op bogemelde klase(s) te antwoord.

U, die ouers van die leerder, is geregtig (en word sterk aangeraai) om die voormelde verhoor saam met u kind by te woon, ten einde hom / haar by te staan in die verrigtinge. Indien u verkies om dit nie by te woon nie, sal die verhoor nietemin voortgaan op die bestem datum en tyd.

DISSIPLINÊRE KOMITEE_____
PRINSIPAAL

VORM E

KATEGORIE B

Laerskool Goedehoop

Leerder se naam: _____ Gr.: _____

Datum: _____

Mnr en me _____

KENNISGEWING VAN UITSLAG: Gedragskode

Beweerde wangedrag: _____

Bevinding: _____

Redes: Hierby aangeheg

Straf opgelê: _____

Redes: Hierby aangeheg

Les asseblief daarop dat die leerder die reg tot appél het.

DISSIPLINêRE KOMITEE

PRINSIPAAL

Laerskool Goedehoop

Leerder se naam: _____ Gr.: _____

Datum: _____

**KENNISGEWING VAN UITSLAG VAN APPÉL NA DIE DISSIPLINÊRE KOMITEE VAN DIE
BEHEERLIGGAAM: BEWEERDE WANGEDRAG : KATEGORIE B : GEDRAGSKODE**

1. Die onderwerp van die appél is uiteengesit in die afskrif van die tersaaklike Vorm D, hierby aangeheg.
2. 'n Afskrif van die Kennisgewing van Appél is hierby aangeheg.
3. Dissiplinêre Komitee: (name)

4. Dokumente voor die Dissiplinêre Komitee op appél:

5. Opsomming van prosedure gevolg:

6. Bevinding op appél:

7. Redes: Hierby aangeheg.

8. Kennisgewing van datum(s) waarop leerder die opgelegde straf moet uitvoer / ondergaan:

DISSIPLINÊRE KOMITEE

PRINSIPAAL

Ontvangs hiervan erken:

LEERDER: (handtekening) _____ (datum)

OUER: (handtekening) _____ (datum)

Laerskool Goedehoop

Leerder se naam: _____ Gr.: _____

Datum: _____

Mnr en me _____

**KENNISGEWING VAN FORMELE VERHOOR VAN HERHAALDE
(KATEGORIE C)-OORTREDINGS****NEEM KENNIS DAT:**

1. Jy, die bogemelde leerder, aangekla word van herhaalde (Kategorie C) oortredings / wangedrag van die Gedragskode van die Skool, deurdat jy die volgende gedoen het: (Heg aanhangsel aan indien spasie hier onvoldoende is).

2. 'n Formele verhoor vandie voormelde klagte sal gehou word te (plek) _____
op (datum) _____ om (tyd) _____, tensy alternatiewe skriftelike
reëlins getref word tussen u die ouer(s) en die prinsipaal.
3. Let asseblief op die volgende:
 - a. U die ouer(s) is geregtig (en word aangeraai) om die verhoor by te woon om u kind by te staan;
 - b. U die ouer(s) en die leerder is geregtig om ingelig te word van enige inligting in die skool se besit wat die leerder van kennis behoort te neem en/of wil gebruik om sy / haar belange tydens die verhoor te beskerm;
 - c. U die ouer(s) en die leerder sal eregtig wees om enige getuies wat deur die prinsipaal, die Dissiplinêre Komitee van die Beheerliggaam gebruik word, te kruisvra en om getuienis ter verdediging van die leerder aan te bied;
 - d. U die ouer(s) word versoek om besonderhede van enige getuies wat die leerder van voorneme is om ter verdediging by die verhoor te roep, te verskaf, sodat die prinsipaal hulle teenwoordigheid by die verhoor kan reël, indien moontlik;
 - e. U kind is geregtig op regsverteenvoordiging tydens die verhoor, deur uself, 'n ander leerder, 'n opvoeder, 'n ander ouer, 'n prokureur, of 'n advokaat.

4. Die verhoor sal behartig word deur die Dissiplinêre Komitee van die Beheerliggaam, bestaande uit drie lede. Alles moontlik sal gedoen word om 'n regverdige verhoor te verseker en u moet geensins huiwer om u reg tot verdediging te volle uit te oefen nie.

PRINSIPAAL

**VOORSITTER
BEHEERLIGGAAM**

Ontvangs hiervan erken op _____ (datum)

LEERDER

OUER

Laerskool Goedehoop

Leerder se naam: _____ Gr.: _____

Datum: _____

Mnr. en me _____

**KENNIS VAN UITSLAG VAN DISSIPLINÊRE VERHOOR: BEWEERDE
HERHAALDE WANGEDRAG / OORTREDINGS
KATEGORIE C: Gedragskode**

Datum van verhoor: _____

Dissiplinêre Komitee: _____

Aanklaer: _____

Beweerde wangedrag / oortredings: _____

Bevinding: _____

Redes: Hierby aangeheg.

Straf opgelê: _____

Redes: Hierby aangeheg.

(Indien van toepassing.) Neem asseblief kennis dat die saak nou verwys word na die Onderwyshoof van die Mpumalanga Onderwysdepartement vir oorweging van u (die leerder) se uitsetting uit die skool.

(Indien van toepassing) Neem asseblief kennis dat die prinsipaal se voorskrifte vir die toepassing van die straf opgelê, hierby aangeheg word.

PRINSIPAAL

Laerskool Goedehoop

AAN: Die Onderwysheer
Mpumalanga Onderwysdepartement
Per adres die Streeksbestuurder
Distrik

Leerder se naam: _____ Gr.: _____

Datum: _____

Mnr. en me _____

**DISSIPLINêRE VERHOOR: BEWEERDE ERNSTIGE WANGEDRAG:
VERWYSING VIR OORWEGING VAN UITSETTING KRAGTENS
ARTIKEL 9 VAN DIE SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET, NR. 84 VAN 1996**

1. Ons heg hierdy aan die volgende vir u aandag:
 - 1.1 Rekord van ondersoek;
 - 1.2 Vorm G: Kennis van klage en instel van dissiplinêre verhoor;
 - 1.3 Rekord van verrigtinge;
 - 1.4 Vorm H: Kennis van uitslag van verhoor.

2. Die Beheerliggaam van die skool versoek u om die leerder uit die skool te sit vir die redes wat blyk uit die voormelde rekord sowel as die volgende redes:

3. Verleen asseblief aan die Beheerliggaam 'n billike prosedure en die geleentheid om voorleggings te maak indien daar enige moontlikheid bestaan dat u oorweeg om nie hierdie versoek toe te staan nie.

4. Die leerder is uit die skool geskors in afwagting van u besluit, welke besluit ons so spoedig moontlik ontvang.

5. Erken asseblief ontvangs.

PRINSIPAAL

**VOORSITTER
BEHEERLIGGAAM**



Geagte Ouer

U kind, _____ Gr.: _____ se
voorregte word by die skool van hom / haar ontnem, deur voor skool asook beide pouses by die kantoorblok onder toesig, deur te bring.

Die Dissiplinêre Komitee het die saak ondersoek en 'n besluit is geneem dat u kind van _____ tot _____ by die kantoorblok tydens bogenoemde geleentheid sal sit.

Rede: _____

- Daar sal toegesien word dat hy / sy voor pouses badkamer toe sal gaan, voordat hy by die kantoorblok moet aanmeld.
- Hy / sy mag by die kantoorblok eet.
.. mag nie boek lees, teken, skryf of met enige tipe speelgoed speel nie.
.. mag nie maats saamnooi om ook daar te sit nie.
.. mag nie snoepie toe gaan tydens pouses nie.
.. moet op een plek tydens genoemde geleentheid sit en mag nie rondloop nie.
- Sien asseblief toe dat hy / sy kos / broodjies skool toe bring.

Indien hy / sy van die bogenoemde punte oortree, sal die Dissiplinêre Komitee die saak ondersoek en verder strafprosedures bepaal.

Indien hy / sy nie aanmeld vir sy / haar strafsit nie, ontvang hy / sy 'n Kategorie B-inskrywing en sal nog 'n dag by die kantoorblok moet strafsit.

G.J. van Niekerk
PRINSIPAAL

DISSIPLINÊRE KOMITEE

SKEURSTROKIE: Ontneming van voorregte

Ek, ouer / voog van _____ Gr.:

_____ neem kennis van bogenoemde skrywe.

HANDTEKENING: Ouer

SELFOONNOMMER